VENNOOT IN GELOOF EN BEDIENING

1.1 Bybel-Media (BM) kon gedurende 2014 en 2015 weer sy doel uitleef om ’n kerklike diens te lewer wat Christelike inhoud vir geloofsvorming en bediening beskikbaar stel. Dié inhoud is teologies verantwoord en maklik toeganklik, inklusief, oopkop, eg Suider-Afrikaans en in ’n verskeidenheid formate beskikbaar as kursusse, gedruk en digitaal.

1.2 Getrou aan die Woord van Jesus Christus het BM nougeset sy ses kernwaardes uitgeleef, naamlik respek, lojaliteit, verantwoordbaarheid, integriteit, uitnemendheid en innovering.

1.3 BM se aktiwiteite word in drie hoofgroepe verdeel: Publikasies (boeke en tydskrifte) en elektroniese media, Bedienings en Hulpdienste.

1.4 Volgens artikel 43.1.9 van die Kerkorde is die Algemene Sinode verantwoordelik vir "algemene kerklike media". BM is die orgaan waardeur dit geskied.

1.5 BM het in die twee boekjare tot einde April 2015 byna R13 miljoen aan projekte binne die kerk en wyer spandeer (dit sluit die omset van die meer kommersiële ondernemings soos *LIG*, *Kerkbode* en Bybel-Media Handel uit).

2. PUBLIKASIES

Strategiese doelwit: Meer gebruikersgerigte gedrukte produkte

2.1 'n Totaal van 65 nuwe titels (Bybelkor en Jeugfokus) het die afgelope twee jaar verskyn, sommige ook as e-boeke.

2.2 Publikasies was oor ’n wye verskeidenheid onderwerpe. Bybelstudies en kategeseprodukte bly immer topverkopers.

2.3 Publikasies se verkope onder die Bybelkor-logo (kategeseprodukte, wat steeds die topverkoper is dus uitgesluit), het in die verslagjaar tot R2 265 000 gestyg. Twee jaar na mekaar het die jaarlikse omset nou R1 miljoen per jaar oorskry. Dit is sedert BM sy uitgewersbedrywigheid in September 2007 ná agt jaar weer van nuuts af moes hervat ná die ooreenkoms met Lux Verbi opgesê is.

2.4 In die oorweging van nuwe konsepte laat BM se publikasieafdeling hom steeds lei deur die prioriteite van die Algemene Sinode, te wete missionaliteit, armoede en menswaardigheid, moraliteit en versoening. Onder elkeen van hierdie noemers het een of meer publikasies verskyn. BM was die uitgewer van al die produkte van die Seisoen van Luister en speel nou ’n aktiewe rol in die Seisoen van Menswaardigheid.

3. *KERKBODE*, *LiG* EN JAARBOEK

Strategiese doelwit: *Kerkbode* – ’n publikasie wat vir gemeentes aantreklik is met inspirerende nuus, sodat hulle lus is om wéér, en selfs vir méér, in te teken. *Kerkbode* wil persepsies oor die kerk wat skeefgeloop het, herstel – ’n proses wat met geduld en volharding deurgevoer moet word.

***LiG* – Om dié publikasie ’n onlosmaaklike deel van gelowiges en gesinne se lewe te maak.**

3.1 In Desember 2013 is die bekende godsdiensjoernalis, Neels Jackson, as redakteur en uitvoerende joernalis van *Kerkbode* aangestel.

3.2 Francine van Niekerk het in September 2014 redakteur van die Christelike gesinstydskrif *LiG* geword.

3.3 *Kerkbode* en *LiG* is ook digitaal beskikbaar.

3.4 *Kerkbode* en *LiG* se gemeentebestellings het oor die afgelope twee jaar verminder, alhoewel die afgaande tendens verlangsaam het.

3.5 *LiG* se geouditeerde ABC-syfer staan op gemiddeld 25 593. Dit sluit winkelrakverkope in.

3.6 *Kerkbode* se gemeentebestellings op 31 Maart 2015 was 14 607.

3.7 *Jaarboek* bly ’n onontbeerlike bron vir die kerk en het van die 2015-uitgawe 1 946 harde en 130 CD-kopieë verkoop.

4. ELEKTRONIESE MEDIA (MEMA-MEDIA)

Strategiese doelwit: Meer gemeentegerigte produkte en ’n geïntegreerde webnetwerk, ontwikkeling van toepassings en ’n nuwe e-winkel.

4.1 Mema lewer 'n belangrike ondersteunende diens tot die produktereeks van BM en verskaf 'n belangrike diens aan verskeie ander afdelings en taakspanne van die kerk. Dit huisves en onderhou verskeie Christelike en kerklike webtuistes.

4.2 Mema het 121 videogrepe, kortfilms en klankgrepe vervaardig. Daarvan was 19 bedieningsprodukte (videogrepe vir gebruik in gemeentes), ses videogrepe gekoppel aan gedrukte produkte, 26 bekendstellingsvideogrepe om produkte of kerklike aksies bekend te stel, vyf produkte vir handelsdoeleindes, vier CD's met kategesehulpmiddels, 44 radioprogramme, en 17 radioflitse.

4.3 BM het 'n multiwerf gebou vir webkommunikasie oor sy eie dienste, asook as 'n diens aan die groter kerk. Dié multiwerf sluit 'n geïntegreerde soekfunksie, geoutomatiseerde nuusbriewe, vereenvoudigde bywerking en 'n eenvormige voorkoms in. Die webtuiste het reeds 61 subdomeine.

4.4 Die ontwikkeling van "apps" (toepassings) is 'n nuwe fokuspunt. Om mee te begin is vyf verskillende toepassings gebou, te wete Gereformeerde Liedboek (Apple-tablette), NG Liedboek (Apple- en Android-tablette) en Boodskap vir Vandag (tablette en slimfone vir Apple en Android).

5. BEDIENINGS

5.1 KERKMUSIEK

Strategiese doelwit: Verantwoordelike bestuur en uitbreiding van BM se musikale intellektuele eiendom.

Soos met *Liedboek van die Kerk* (waarvan die kopiereg by BM lê kragtens die feit dat NG Kerk-Uitgewers in BM opgeneem is), is musiek binne die kerk steeds vir BM 'n hoë prioriteit. Ds Faani Engelbrecht bestuur op kontrakbasis BM se musiekbelange. Hy verteenwoordig ook BM se belang by die jeugbeweging #imagine. In samewerking met FLAM is 'n CD vrygestel wat ‘n lewendige opname is van die gewildste Afrikaanse en Engelse liedere wat tydens #imagine 2015 gesing is. Hierdie vrystelling staan bekend as *#imagine live 2015*.

5.1.1 FLAM

FLAM is sedert 2009 deel van BM se mediaprojekte. FLAM bestuur ’n katalogus van meer as 487 liedere.

Die webtuiste, www.flam.co.za, ontvang baie unieke besoekers en www.fluister.co.za verkoop slegs Suid-Afrikaanse mp3's.

FLAM se e-nuusbrief, *Fuurhoutjie,* is ook by die multiwerf-webtuiste geïntegreer. *Megafoon,* www.fluister.co.za se nuusbrief, bevat hoofsaaklik resensies oor nuwe gospelmusiek en onderhoude met kunstenaars.

Die CD's *Fluistering* en *Folgende* (lg gemik op ’n nuwe, jonger generasie) het verskyn. So ook die vier DVD's van *Brandstof* (’n hulpmiddel vir gemeentes sonder begeleidingsgroepe en kleingroepe).

5.1.2 VONKK

VONKK is 'n BM-adviesnetwerk wat die klassieke kerklied bevorder. VONKK het reeds ’n totaal van 288 liedere op die webtuiste.

Die *BeVONKK-nuusbrief* is geïntegreer by die multiwerf.

5.1.3 Liedboek van die Kerk

BM hanteer steeds die kopiereg, druk en verspreiding van die *Liedboek van die kerk*. Die Christian Copyright Licensing Institute (CCLI) behartig per kontrak die lisensiëring van 1 335 gemeentes vir die elektroniese projeksie van dié liedere. 'n Totaal van 66 nuwe lisensiehouers is in slegs een jaar bygevoeg. Die Hervormde Kerk sing ook toenemend VONKK-liedere.

5.2 NEHEMIA BYBELINSTITUUT

Strategiese doelwitte: Verhouding met belanghebbers, versterking van samewerking met opleidingsvennote en inskakeling van Sokhanya-Bybelskool.

Die Nehemia Bybelinstituut (NBI) het sy eie direksie, waarvan die lede se benoeming vir goedkeuring aan die BM-direksie voorgelê word. Die kursus word in samewerking met die Sentrum vir Kontekstuele Bediening van die Universiteit Pretoria (UP) aangebied.

Gedurende die verslagjaar:

- het 1 043 nuwe leerders by die Wellington-kantoor vir die kursus geregistreer.
- het Wellington 1 983 aktiewe leerders gehad, uit wie 469 UP-sertifikate verwerf het.
- is altesaam 12 011 toetse gemerk en 14 965 kursusboeke uitgestuur.
- is 17 nuwe leersentrums (Bybelskole) gevestig.

Met befondsing van BM het die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by UP die inisiatief geneem om 'n forum tot stand te bring vir diensverskaffers wat by die opleiding van dienende kerkleiers betrokke is wat nooit voorheen die geleentheid vir opleiding gehad het nie. Die proses van owerheidsakkreditasie vir ’n kwalifikasie op NQF-vlak 4 het ver gevorder.

Die Sokhanya-Bybelskool, ’n aksie van die Wes-Kaapse Getuienisaksiekommissie en enkele gemeentes, sal in 2016 by die NBI inskakel. Dit sal die NBI-aanbod verbreed ten einde ook leerders op ’n laer vlak in te neem.

5.3 GEVANGENES

Strategiese doelwit: Versterking van samewerking met godsdienswerkers, gevangenisowerhede en ander vennote.

Baie getuienisse word steeds ontvang van mense in tronke oor die lengte en breedte van Suid-Afrika wat vertel watter geweldige verskil BM se Bybelstudiekursusse in hulle lewe gemaak het.

Studentedienste het in die verslagtyd 16 208 gratis kursusse aan gevangenes, werkloses en skoolkinders versprei. Die pastorale beraders het 1 742 persone se vrae en probleme op Afrikaans, Engels, Tswana, Sesotho en Noord-Sotho, Zoeloe, Xhosa en Portugees hanteer.

Dit lyk of godsdienswerkers se toegang tot die gevangenisse al hoe meer beperk word en heelwat frustrasie heers oor owerheidsamewerking. Nuwe manuskripte in Engels en Zoeloe het verskyn..

5.4 INDIË

Die werk van Pastoor Sam Salva Raj en sy span in Indië is jaarliks met 'n groot subsidie ondersteun. Dit word gebruik vir die druk van Bybelstudies en die ondersteuning van Indië se *Nehemiah Bible College* wat groot gedeeltes van die NBI-kursus ook in Tamil aanbied.

5.5 GOEIE NUUS MEDIA

Altesaam 5 419 items van dié bediening is aan nie-lesers versprei. Volgens kliënte se behoefte laai BM die regte Bybelvertaling en eie klankmateriaal op sogenaamde Audibible-spelertjies. Dit word saam met kleurvolle prenteboeke van Bybelstories gebruik.

5.6 KRUISGEWYS

Kruisgewys het vier maal per jaar verskyn, in samewerking met die Gemeentedienstenetwerk (GDN). Predikante en gemeenteleiers van die NG Kerk, Afrikaanse gemeentes van die VGK SA, Gereformeerde Kerke, Nederduitsch Hervormde Kerk en Christelike Gereformeerde Kerk kry dié blad – 'n gerespekteerde rigtingwyser, veral oor gemeenteteologie.

5.7 BOODSKAP VIR VANDAG

Die dagstukkie, *Boodskap vir Vandag,* spesiaal vir BM geskryf, se daaglikse e-pos-intekenare oorskry nou 8 850.

5.8 PREKE OP DIE INTERNET

In samewerking met ’n preekgroep van Port Elizabeth word weekliks ’n preekvoorstel en voorgestelde liturgie met ondersteunende Powerpoints gratis vir predikante se gebruik op die internet geplaas. Dit volg die *Leesrooster* en model van die Luisterseisoen.

5.9 GELOOFSVORMING

Die kategesetaakspan is 'n projekspan van die Algemene Sinode. BM is volledig vir die begroting van dié projekspan verantwoordelik. Die taakspan lewer ook 'n afsonderlike verslag aan die sinode.

Ds Paul du Toit fokus op nuwe produkontwikkeling, gemeentebesoeke, opleiding- en toerustingsgeleenthede.

5.10 HUGENOTE-BYBELINSTITUUT

Op 31 Maart 2015 het die Hugenote-Bybelinstituut 201 studente gehad. Kursusse is in Christelike Nood-en -traumaberading, Bybel- en Godsdienskunde, Jeugbediening, Sending en Etiek. Dosente van die Hugenote Kollege en Stellenbosch Universiteit assesseer die werkstukke en die Sentrum vir Kontekstuele Bediening aan UP reik 'n sertifikaat aan suksesvolle studente uit. Vanaf Januarie 2016 skuif hierdie werksaamheid oor na die Hugenote Kollege.

5.11 ANDREW MURRAY- EN ANDREW MURRAY-DESMOND TUTU-PRYSFONDS

Sedert die ontstaan van die Andrew Murray-prysfonds 38 jaar gelede bied BM die administratiewe tuiste vir hierdie prestige-pryse. Die Desmond Tutu-Gerrit Brand-prys vir debuutskrywers het in die verslagjaar nuut bygekom.

Die derde maal sedert die hervatting van publikasies in 2007 is een van BM se boeke met die Andrew Murray-prys vereer. Vincent Brümmer se *Vroom of Regsinnig? Teologie in die NG Kerk* het met dié louere weggestap.

5.12 BYBEL-MEDIA-CORDIS TRUST-PRYS

In samewerking met die Cordis Trust van dr Fanie Marais het BM reeds twee maal die Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir kinder-, jeug- of gesinslektuur toegeken.

5.13 CHRISTIAN AIDS BUREAU (CABSA)

BM huisves hierdie organisasie wat hom beywer vir vigs-voorkoming en stry teen gender-diskriminasie en -geweld gratis in die Ferguson-gebou op Wellington.

6. HULPDIENSTE

Strategiese doelwit: Om die uitnemendste diens moontlik aan al die mediaprojekte van BM op die mees koste-effektiewe wyse te lewer.

6.1 FONDSWERWING

BM het baie ongelooflik lojale donateurs wat dwarsoor die land woon sonder wie se ondersteuning al die voorafgaande projekte eenvoudig onmoontlik sou wees. Sommige van hulle is al langer as 30 jaar steunpilare.

Die meeste bydraes kom deur maandelikse debietorders. Dan volg kontantdonasies, spesiale projekte en gemeente-ondersteuning met spesiale of deurkollektes. Boedels van voormalige donateurs speel ook 'n beduidende rol.

Die begrote finansiële mikpunt kon elke jaar bereik word en groei steeds, ten spyte van baie donateurs met wie dit ekonomies steeds moeiliker gaan. Van elke Rand wat ontvang is, het gemiddeld 82 sent direk na BM se aktiwiteite, publikasies en bedienings toe gegaan.

6.2 BYBEL-MEDIA HANDEL

Bybel-Media Handel ('n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy) is die verkoopsagent van al die produkte van BM (uitgesonderd *Kerkbode* en *LiG)*. Verkope geskied per telefoon, e-pos of deur die webwinkel. Versending binne Suid-Afrika is gratis.

Jeugfokus se kategeseprodukte is steeds die grootste kategorieverkoper, gevolg deur BM se eie boekprodukte onder die Bybelkor-druknaam. Gewone kerklike benodigdhede is ook gewild. Produkte van ander goeie Christelike uitgewers kan egter ook by Bybel-Media Handel aangekoop word.

6.3 VERSENDING

Dié afdeling doen kleiner drukwerk en grootmaat-versending vir talle instansies.

6.4 FINANSIES EN ADMINISTRASIE

Die personeeladministrasie en finansies word in dieselfde afdeling behartig. Die afdeling ontvang jaarliks uitstekende ouditverslae met spesiale vermelding van die effektiwiteit waarmee sake verloop.

7. DIENS AAN DIE KERK

Slegs 41 voltydse en agt deeltydse personeellede verrig by BM al die aktiwiteite soos hier bo gelys. Uit dié aktiwiteite behoort dit baie duidelik te wees dat hulle hulle volledig toewy aan sake wat vir die Algemene Sinode prioriteite is, en dat die organisasie in daardie sin werklik 'n "Vennoot in geloof en bediening" is.

8. BESLUITE: BYBEL-MEDIA

8.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die inhoud van *Kerkbode* wat uitmuntend daarin slaag om die missionale werk van die kerk aan sy lidmate oor te dra.

8.2 Die Algemene Sinode neem kennis van die beperkte oplaag van *Kerkbode* en dra dit aan die ASM op om alle gemeentes ernstig te versoek om vir beduidende getalle lidmate op die kerkkoerant in te teken en aldus die voortbestaan van die koerant te verseker, en om só ook by te dra tot beter interne kerklike kommunikasie.

8.3 Die Algemene Sinode ondersteun die rol van *LiG* en moedig alle gemeentes aan om dié Christelike gesinstydskrif in Afrikaans te ondersteun, te bemark en by wyse van grootskaalse intekening te help uitbou.

8.4 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in hulle keuse van literatuur vir gemeentelike gebruik (onder meer Bybelstudies en geloofsvorming) verkieslik voorkeur te gee aan produkte van die Algemene Sinode se eie uitgewer.

8.5 Die Algemene Sinode moedig gemeentes aan om in hulle uitreikaksies die NBI-kursus en Bybel-Media se materiaal vir gevangenes en nie-lesers (GNM) te gebruik.

8.6 Die Algemene Sinode herbevestig vorige besluite dat gemeentes opgeroep word om jaarliks die bedieningswerk van Bybel-Media by wyse van ’n donasie of spesiale kollekte te ondersteun.

9. DIREKSIELEDE

Ds DW Mouton (voorsitter), mnr AJ Basson, ds FJ Cillié, ds IA van Tonder, dr Z van der Westhuizen, mnr JH Vosloo, me JM Kotze en dr PJA Fourie (maatskappysekretaris en Uitvoerende Hoof).